

SA Kampioen



Dit is met groot plesier om vir Aldi Strydom uit te wys as die SA kampioen! Aldi het goud verower op die SA Kampioenskappe en bring dit saam terug huis toe.



Wilgie atlete presteer

Die primêre atlete van Hoërskool Wilgerivier het baie goed presteer tydens die afgelope SA Kampioenskappe te Germiston. Colene Scheepers verower 'n brons medalje in die dogters o/13, 4 x 100m aflos. Anika van Wyk verower 'n silwer medalje in die dogters o/11, 4 x 100m aflos. Angelique Botha ontvang ook 'n brons medalje in die dogters o/10, 4 x 100m aflos.

Netbalkliniek bygewoon



Daar kan nou met oorgawe uitgesien word na die netballiga wat in die vooruitsig is. Hoërskool Heilbron se eerste netbalspan het die toer geniet na Phiantie naby Bothaville. 'n Voormalige Proteaspeelster, Wanda Moolman het die kliniek aangebied. Daar was lekker netbal gespeel en baie geleer. Op die foto onder van die spelers in aksie.

Wilgies toer na Natal



Verskeie rugbyspanne van Hoërskool Wilgerivier het vertrek op rugbytoere in Natal. Die uitslag is as volg: o/9A wen Port Natal 60-0 sowel as Kuswag 30-0. Die o/11A wen Port Natal 49-0 en Kuswag 50-0. Die o/13A-span wen ook vir Port Natal 22-5 en ook Arboretum Primary School 17-12. Die o/15A het ook fees gevier na hul wen teen Kuswag 52-0 en Port Natal 56-0. O/16-span stap as die wenspan weg teen Brettonwood Hoërskool 60-0 maar kon ongelukkig nie die titel vat teen Kindsway Hoërskool nie en verloor 7-24. Die eerste rygbyspan verloor teen Kuswag 7-37 en 7-45. Van die spanne het ook wedstryde teen Lucas Meyer Primêre Skool in Vryheid gespeel. Die uitslae: o/9 wen 32-5 teen Lucas Meyer, o/11 wen hulle ook met 24-7. 'n Goeie wen is aan die o/13 toegeken teen Luca Meyer, 40-5. Op die foto bo Hoërskool Wilgerivier se eerste span en foto onder die o/9's en betrokke borge en afrieters.



Heilbron rugbymanne toer die vakansie



Die rugbymanne van Hoërskool Heilbron het die Bronnie-naam gaan hoog hou tydens hulle toere. Die o/15's is onderweg na Vrede en die eerstespan het reggestaan vir die toer Parys toe. Op die foto bo die eerstespan en foto onder die o/15's.



Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033 • E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za